

## 7 Desember

(Teks: 4:20)

## Matteus 4:18-22

Ons moet God se medewerkers wees

Jesus roep vier manne om as vissers van mense in sy diens te staan. Sou dit reg wees van Petrus- en Jakobus-hulle om vir Jesus te vra om hulle eerder met hulle *nette* te help?

Is dit nie wat ons baie maal in ons gebede doen nie? Ons vra vir God om ons te help waar óns besig is met ons "nette", eerder as om by God in te val waar Hy besig is om te werk.

Maar hoe weet 'n mens waarmee God besig is...? Wanneer jy soos Jesus se dissipels saam met God leef, en Hom werklik leer ken, dan kry 'n mens insig in dit wat Hy besig is om te doen.

Ons sou ook kon vra: Is dit wat God doen nie op 'n ander vlak as dit waarmee ek daaglik besig is nie? Kiy 'n mens nie ook iets soos God se werk en my werk nie...? Vir God se diensknepte behoort daar nie iets te wees soos God se werk, en my werk nie, want ek werk óf saam met Hom, en val by Hom in waar Hy besig is om te werk, dan sal ons sinvolle en suksesvolle lewens hê, want God misluk nooit!

Sing Psalm 86:6      Ds. P.C. van der Walt (Colesberg)